higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE REG N6

16 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A		
	1.1.2	C		
	1.1.3	B		
	1.1.4	C		
	1.1.5	D		
			(5 × 2)	(10)
1.2	1.2.1	Regters		
	1.2.2	Staat		
	1.2.3	Regsubjekte		
	1.2.4	Internasionale reg/Volkereg		
	1.2.5	Openbare Beskermer		
	1.2.6	Regterlike		
	1.2.7	Provinsies		
	1.2.8	Staatsorgane		
	1.2.9	Outonome orgaan		
	1.2.10	Mandamus		
			(10 × 1)	(10)
1.3	1.3.1	E		
	1.3.2	C		
	1.3.3	B		
	1.3.4	D		
	1.3.5	A		
			(5 × 1)	(5)
1.4	1.4.1	Onwaar		
	1.4.2	Onwaar		
	1.4.3	Onwaar		
	1.4.4	Waar		
	1.4.5	Onwaar		
			(5 × 1)	(5)
1.5	1.5.1	Kommissaris		
	1.5.2	Onafhanklike beheerverhoudings ('control relationships')		
	1.5.3	Die legaliteitsbeginsel		
	1.5.4	Assessore		
	1.5.5	Die leerstuk van die verdeling van mag		
			(5 × 1)	(5)
1.6	1.6.1	Wetgewende		
	1.6.2	'n Interdik		
	1.6.3	Aanhef		
	1.6.4	Privaat		
	1.6.5	Uitvoerende gesag		
			(5 × 1)	(5)

Kopiereg voorbehou

1.7 1.7.1 Hof vir Klein Eise
1.7.2 Skeihof
1.7.3 Hoogste Hof van Appèl
1.7.4 Hoë Hof
1.7.5 Kinderhof/Jeughof

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Staatsreg
- Administratiefreg
- Strafreg
- Prosesreg (Enige 3 × 1) (3)

2.1.2
- Personereg
- Familiereg
- Persoonlikheidsreg
- Handelsreg
- Inheemse reg
- Erfreg (Enige 2 × 1) (2)

2.2 Objektiewe sin (positiewe reg)
- Objekte/voorwerpe wat ons daaglikse lewens reël.
- Die reg in objektiewe sin is al die regsreëls wat in Suid-Afrika toegepas word.
- Dit sluit die hele Suid-Afrikaanse nasionale regstel, die gemenereg en statutêre reg in.
- Objektiewe sin reguleer die verhouding tussen persone deur middel van die reëls van die privaatreg.
- Dit is 'n horisontale verhouding tussen gelykes.
- Die doel van die objektiewe sin is om die verhouding tussen persone op so 'n wyse te reël dat die samelewing ordelik en vreedsaam sal wees.

(Enige 4 × 1)

Subjektiewe regte (dinge waarop ons 'n reg het)
- Objektiewe sin reguleer die verhouding tussen regsubjekte (persone) deur middel van die begrip van subjektiewe regte.
- Dit beteken dat 'n persoon subjektiewe regte, soos die reg op 'n huis, kan bekom wat gereguleer en beskerm word deur die reg in objektiewe sin.
- Subjektiewe regte is te vinde in 'n verhouding tussen 'n regsubjek en 'n regsobjek.
- Dit beteken dat 'n persoon 'n subjektiewe reg op 'n objek het. (4 × 1)

(2 × 4) (8)

2.3
- Behartig bestorwe boedels in sy jurisdiksiegebied/regsgebied.
- Sorg dat alle dokumente en formaliteite geprosesseer word en dat die boedel verdeel word ooreenkomstig die oorledene se testament.
- As daar 'n dispuut is, bv. die erfgename kan nie opgespoor word nie of die bedoeling van die testament is nie duidelik nie, is dit die Meester van die Hooggeregshof se plig om hieroor uitsluitsel te gee.
- Die belange van alle betrokkenes moet beskerm word, veral dié van minderjariges en ongebore kinders.
- As albei ouers van 'n minderjarige sterf, word 'n kurator aangestel.
- Toesig oor trusts
- Behartig insolvente persone
- Hou toesig oor die administrasie van maatskappye en beslote korporasies

(Enige 4 × 2) (8)

2.4 2.4.1
- Niemand is bo die reg verhewe nie.
- Dit is nie regsreël nie, maar 'n belangrike beginsel in ons regstelsel.
- Die staat mag nie sy bevoegdhede na willekeur uitvoer nie.
- Individuele vryheid moet gehandhaaf word.
- Elkeen in die staat is gelyk voor die reg.
- Niemand mag gestraf word as 'n wet van die staat nie verbreek is nie.
- Die skending van die reg moet in 'n hof vasgestel word.
- Niemand is bo die reg verhewe nie en almal word deur dieselfde reg en deur dieselfde howe gereguleer .
- Die Grondwet beskerm die regte en eiendom van individue en maatskappye.
- Mense word beskerm teen 'n willekeurige regering, diktatuur en straatbewind.
- Die doel is om 'n stabiele regering te verseker.
- Die doel is om die samelewing ekonomies en maatskaplik te ontwikkel.
- Die beginsel beteken dat die reg regeer en nie 'n persoon of liggaam nie. (13)

2.4.2 Daar moet aan twee voorwaardes voldoen word:
- Die gevaar moet so ernstig wees dat die gewone wette van die land nie die burgers sal beskerm nie.
- Die optrede moet in verhouding tot die noodtoestand wees, bv. as iemand jou slaan, kan jy terugslaan, maar jy mag hom nie skiet nie. (2)

2.5 Voordele:
- Regseenvormigheid: Die feit dat alle howe gebonde is aan die beslissing van die hoogste hof verseker dat die reg eenvormig in die land toegepas word.
- Regsekerheid: Die presedenteleer verseker dat 'n hof in soortgelyke sake konsekwente beslissings sal lewer.

Nadele:
- 'n Presedent kan moontlik verkeerd wees en kan dalk nie die beste regsbesluit wees, maar dit moet gevolg word op grond van die leerstuk.
- Aangesien die howe aan vorige uitsprake gebonde is, is dit moeilik om daarvan af te wyk (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Enige eis teen 'n staatsamptenaar moet in 'n hof aangehoor word as daar gronde vir die eis is.
- Die eis kan uit enige kontrak ontstaan wat wettig namens die staat gesluit is en wat verbreek is.
- Die eis kan ook voortspruit uit enige wederregtelike handeling of misdryf deur 'n beampte van die staat wat in sy/haar amptelike hoedanigheid opgetree het.
- 'n Regsgeding gegrond op bogenoemde moet teen die uitvoerende gesag van die staatsinstelling ingestel word, bv. die minister van die betrokke departement, in hierdie geval die Minister van Gesondheid.
- Die eis teen die staat moet vir 'n bedrag geld wees en kan nie teen 'n verweerder of staatseiendom ingestel word nie.
- Die eis word dan betaal of nie, na gelang van die hof se uitspraak.
- As die eis deur die hof toegestaan word, moet dit binne 30 dae vanaf die datum van die bevel betaal word, of binne die tydperk waarop die twee partye ooreengekom het. (7)

3.1.2 Staatsprokureur (1)

3.1.3 Hoë Hof/Siviele hof (1)

3.1.4

- *Siviele sake* behartig skadevergoeding en die bedrag wat betaal moet word.
- Dit maak deel van privaatreg uit.
- Partye: Eiser en verweerder

- *Strafsake* handel oor 'n misdryf wat gepleeg is en 'n moontlike vonnis
- Dit maak deel uit van publieke reg.
- Partye: Staat en beskuldigde (Enige 4 × 1) (4)

3.2 Die bevoegdheid/gesag van die administrasie moet by wet gemagtig word.

- Die legaliteitsbeginsel word in die volgende gevalle toegepas:
- Administratiewe optrede moet wettig wees of 'n wettige doel nastreef.
- Administratiewe optrede moet voldoen aan die reëls van natuurlike geregtigheid en die reg.
- Administratiewe optrede moet billik wees.
- Administratiewe optrede moet redelik wees.
- Administratiewe optrede moet in die openbare belang wees.
- Administratiewe optrede moet voldoen aan sowel die reg as die gemenereg.
- Administratiewe optrede mag nie willekeurig uitgevoer word nie.
- Die gesag van staatsliggame mag nie uiterste ontbering veroorsaak nie.
- Niemand mag opsetlik onreg aangedoen word nie.
- Geen diskriminasie teen individue of groepe word toegelaat nie.
- Administratiewe liggame moet met respek vir die beginsels van gelykheid, proporsionaliteit, geregtigheid, onpartydigheid en goeie trou optree.

(Enige 8 × 1) (8)

3.3 Wetgewing

- Dit is die belangrikste bron en kom voor in statute, wette, ordinansies, regulasies en proklamasies.
- Wette oor die huwelik, insolvensie, strafproses, maatskappyreg, siviele aanspreeklikheid
- Die howe moet wetgewing toepas.
- Die legaliteitsbeginsel moet toegepas word om te sien of 'n maatreël wetgewende status het.

Parlement

- Wette het hul oorsprong by die parlement en die parlement is dus 'n bron van administratiefreg.
- Wette wat deur die parlement uitgevaardig word, beskryf die samestelling en funksie van administratiewe liggame.
- 'n Minister of die president promulgeer ondergeskikte wetgewing om die parlement te versterk ('enhance').
- Wette word gepromulgeer vir die totstandkoming van organe om wette toe te pas.

Provinsies

- Provinsies word deur parlementêre wetgewing gemagtig om wette te maak.
- Ordonnansies beheers die bevoegdhede en funksies van provinsiale owerhede en beamptes.
- Provinsies kan ordonnansies uitreik.

Proklamasies

- Die staatspresident kan proklamasies uitvaardig ingevolge parlementêre wetgewing.✓
- Dit is ondergeskikte wetgewing en word uitgereik in bestaande wetgewing.✓
- Die premier van 'n provinsie kan ook proklamasies uitvaardig.✓

Regulasies

- 'n Skriftelike instrument wat reëls bevat wat regskrag het.
- Sluit verordeninge by munisipaliteite in.
- Sluit reëls van stadsrade in
- Sluit reëls van loonrade in
- Sluit reëls van lisensierade in (Enige 15 × 1) (15)

3.4

- Dit moet lank reeds bestaan en 'n lang tyd reeds bekend wees.
- Dit moet redelik, nie strydig met die reg of openbare belang of onbillik wees nie.
- Dit moet duidelik omskrewe wees en daar moet voldoende getuies wees om te bewys dat die gewoonte wel bestaan.
- Dit moet onafgebroke nagekom word en deur die gemeenskap erken word.

(4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Privaatregverhouding:

- Individue (regspersone) is betrokke in 'n regsverhouding.
- Dit is 'n verhouding tussen twee mense of 'n persoon en 'n maatskappy.
- Mens koop bv.'n huis en onderteken 'n kontrak.

Administratiefregverhouding

- Een subjek moet beklee wees met staatsgesag.
- Die staatsliggaam moet staatsgesag hê.
- Wanneer die staat bv. grond by 'n privaat individu koop of 'n kontrak aan 'n maatskappy toeken (2 × 3) (6)

4.2 Mandaat

- Eenvoudigste vorm van delegasie
- Hoër orgaan besluit en gee opdrag aan laer orgaan om iets te doen
- Hoër orgaan bly verantwoordelik aangesien die instruksie in sy naam uitgevoer is
- Die minister gee bv. opdrag aan die Direkteur-Generaal om huise te bou

Dekonsentrasie

- Sekere bevoegdhede en funksies word van 'n hoër na 'n laer orgaan oorgedra.
- Laer orgaan delegeer weer funksies aan mense laer af.
- Die gedelegeerde doen alles in die naam van die delegeerder.
- Die Direkteur-Generaal tree bv. namens die Minister op.
- Hoër orgaan kan te eniger tyd delegasie terugtrek en die taak self verrig.
- Die hoër orgaan moet beheer oor die laer orgaan uitoefen.

Desentralisasie

- Bevoegdhede en funksies word aan 'n outonome orgaan oorgedra.
- Die orgaan verrig die funksies in sy eie naam.
- Die hoër orgaan het geen reg om na delegasie in te meng nie.
- Die Minister stel bv. 'n raad van deskundiges aan om lisensies toe te staan. Die Minister kan dan nie lisensies uitreik nie. (14)

Kopiereg voorbehou

4.3 Die administrateur wat die besluit geneem het
- het nie magtiging deur die magtigende bepaling gehad om dit te doen nie.
- het opgetree ingevolge delegasie van mag wat nie by wet gemagtig is nie.
- was bevooroordeeld of daar word redelikerwys vermoed dat hy/sy bevooroordeeld was.

Die optrede was
- prosedureel onbillik.
- is materieel beïnvloed deur 'n regsdwaling.

Die optrede is gedoen
- om 'n rede wat nie deur die magtigende bepaling gemagtig is nie.
- uit eiebelang of bybedoeling.
- omdat irrelevante oorwegings in aanmerking geneem is of tersaaklike oorwegings is nie in ag geneem nie.
- vanweë die ongemagtigde of ongeoorloofde voorskrifte van 'n ander persoon of liggaam.
- te kwader trou.
- willekeurig of wispelturig.

Die optrede self
- is strydig met 'n wet of is nie by wet gemagtig nie.
- bestaan uit 'n versuim om 'n besluit te neem.
- is so onredelik dat geen redelike persoon die bevoegdheid kon uitgeoefen het of die funksie kon verrig het nie.
- is andersins ongrondwetlik of wederregtelik. (Enige 10 × 1) (10)

4.4
- Hersiening van sake van laer howe by wyse van kennisgewing van mosie
- Gemeenregtelike hersiening van verrigtinge van administratiewe owerhede waar die reg 'n hersiening of appèl skep
- Hersiening van verrigtinge van statutêre liggame (lisensierade) waarvan alle administratiewe verrigtinge onderworpe is aan gemeenregtelike hersiening.
- Die howe kan ook die verrigtinge van vrywillige assosiasies en liggame hersien as hulle hul gesag oorskry het of in geval van 'n onreëlmatigheid.

(4 × 2) (8)

4.5 *Meganies administratiewe verrigtinge* kan gedelegeer word sonder magtiging, bv. hernuwing van voertuiglisensies kan deur enige beampte gedoen word.

Beperkte diskresie mag nie gedelegeer word nie. Dit word uitgevoer binne die perke van voorgeskrewe diskresie. (2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 5

5.1
- Die persoon wat die wet uitlê, moet die wet letterlik uitlê.
- Hierdie reël konsentreer op die letterlike betekenis van die woorde van die wet.
- Die persoon wat die wet uitlê, moet die wetgewer se bedoeling aantoon.
- Woorde moet uitgelê word volgens hulle gewone betekenis.
- Woorde moet uitgelê word volgens hulle grammatikale en letterlike betekenis.
- Volgens die ambag of professie waarvan die woorde deel vorm
- Algemene woorde moet uitgelê word volgens hulle algemene gebruik.
- As die wet op 'n algemene situasie toegepas word, moet die toepassing ook algemeen wees.
- As die bewoording van 'n regulasie sê 'geen persoon mag nie', dan beteken dit presies dit.
- Die persoon wat die wet uitlê, mag nie buite die bewoording van die wet gaan nie.
- Geen byvoegings of aftrekkings van die woorde wat in die wetgewing gebruik is, word toegelaat nie.
- Elke woord moet 'n betekenis hê.
- Dit beteken dat 'n betekenis aan elke woord toegeken moet word.
- Geen woord of sin moet as onnodig of oorbodig beskou word nie. (14)

5.2 Aanhef/Voorwoord✓✓
- Aanhef verklaar die rede vir die wetgewing✓
- Dit toon die bedoeling van die wetgewer.✓

Lang titel/Verwerkte titel✓✓
- Kort opsomming van die onderwerp van die wet✓
- Inligting in die lang titel word gebruik om die doel van die wetgewing vas te stel✓

Hoofstuk- en artikelopskrifte✓✓
- Opskrifte en hoofstukke waarna die vertolker kan verwys✓
- Word vir twyfelagtige gedeeltes in die wet gebruik✓
- Word deur die howe gebruik om die doel van die wetgewing vas te stel as die res onduidelik is✓

Addendum/Skedules✓✓
- Kom aan die einde van die wet voor✓ (16)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou